Jesus ken my naam

# Wat kies jy?

## Bybelteks

*Ná verloop van tyd het Kain ...'n offer vir die HERE gebring. En Abel, ook hy het 'n offer gebring ... Die HERE het Abel en sy offer met guns beskou. Maar Kain en sy offer het Hy nie met guns beskou nie. Dit het Kain baie kwaad gemaak en hy was terneergedruk. Die HERE vra toe vir Kain: "Waarom is jy kwaad, en waarom is jy terneergedruk? Is dit nie so dat, as jy goed doen, jy jou kop kan optel nie? As jy egter nie goed doen nie, lê die sonde op die loer voor die deur. Na jou is sy begeerte, maar jy moet oor hom heers." Kain sê toe vir Abel, sy broer: "Kom ons gaan veld toe." Toe hulle in die veld was, het Kain teen Abel, sy broer, opgestaan en hom doodgemaak.*

**– Genesis 4:3-8**

## Kernwaarheid

**God bly genadig ten spyte van ons foute, maar Hy verwag van ons om nie aan ongeduld, jaloesie en haat toe te gee nie.**

**WELKOM**

Dink aan die speletjie wat julle gespeel het.

- Hoeveel lekkers het jy gekry?
- Hoe het dit gevoel om meer of minder lekkers as jou maats te kry?

**WONDER**

- Hoekom was Kain kwaad?
- Die Here het vir Kain gesê dat hy moet kies om die regte ding te doen, eerder as om iets slegs te doen omdat hy kwaad is. Het Kain vir die Here geluister?

**WEES**

Kyk na die gesiggies wat jy geverf het en onthou dat ons almal soms groot emosies ervaar.

**WEGSTUUR**

Vertel vir jou huismense dat jy vandag geleer het wat om met groot emosies te doen. Vra vir hulle om jou te help om dit te doen wanneer jy weer 'n groot emosie ervaar.

# Kleur hierdie prentjie in.

